Publication: RekordEast-Oos (Main)
Publication Date: 19 May 2017
Page: 17

AVE: 23262.80
Circulation: 78780
Part: 1 of 1

Judah de Beer het sy terugkeer na die stoeimat ná 'n afwesigheid van byna vyf jaar met 'n silwermedalje by die Junior Afrika kampioenskap in Marokko gevier.
Foto: Verskaf

Plaaslike stoeiers ryg medaljes in

Plaaslike stoeiers was onder die uitblinkers in die Suid-Afrikaanse span wat onlangs met 18 medaljes van die Junior Afrika stoeikampioenskap in Marokko teruggekeer het.

Die Suid-Afrikaanse span het uiteindelik die vierde plek ingeneem by dié kampioenskap en onder die plaaslike deelnemers was dit veral die stoeiers van TuksStoei wat hul staal gewys het. Die 18 medaljes het vyf goud, nege silwer en vier bronsmedaljes ingesluit.

Edrich Nortjé van TuksStoei was een van die sterre. In die afdeling vir kadette onder 58kg het hy al sy gevegte gewen sonder om 'n enkele punt af te staan. Hy het boonop al sy opponente met valle geklop. Nortjé is na die toernooi deur die Verenigde Stoeifederasie van die Wêreld (UWW) uitgenooi om hul sogenaamde "Meer as Medaljes" oefenkamp by te woon. Dié kamp sal ook in Marokko aangebied word.

Nóg 'n Tuks stoeier, Ruan Botha, het ook goud verower in die vrystyl-afdeling vir kadette o.85kg. Botha se oorwinning was soveel soeter, nadat hy verlede jaar nie aan hierdie byeenkoms kon deelneem nie, aangesien hy weens 'n besering moes onttrek.

Botha het ook die eindronde met 'n puik val beklink.

'n Ander Tuks stoeier met 'n merkwaardige verhaal om te vertel is Brandon Kidson. Nadat hy twee jaar gelede ophou stoei het, het hy verlede jaar met nuwe entoesiasme teruggekeer en sy harde werk is in Marokko beloon met die silwermedalje in die junior onder 58kg kategorie in die afdeling vir Grieks-Romeinse styl. Hy het valle behaal in al sy gevegte tot by die eindtryd, waar hy net-net met 'n puntebeslissing verloor het.

Jaco le Roux van TuksStoei het ook as kadet gestoei en hy kon huistoe kom met die silwermedalje in die vrystyl-afdeling (onder 100kg) om sy nek.

Suid-Afrika se beste junior stoeier van 2016, Dylan Marais, het self TuksStoei se naam hoog gehou. Dié belowende jong stoeier, wat verlede jaar onder die top 10 in sy afdeling by die Junior Wêreldkampioenskap geëindig het, het met die silwermedalje vir vrystyl in die kategorie vir onder 86kg weggestap.

In die kategorie vir junior onder 97kg stoeiers het Judah de Beer ook silwer gewen, nadat hy teen die verdedigende Afrika kampioen verloor het in die eindstryd.

Kenners was beïndruk met De Beer se spoed en krag op die mat. De Beer het 'n paar jaar gelede reeds uitgetree as stoeier en het eers aan die begin van 2017 teruggekeer en weer begin oefen, wat sy prestasie in perspektief stel.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.